Die Voortrekkers

Transvaal
Omsendbrief
September 2020

houKOERS!

transvaal.voortrekkers.co.za

17 September 2020

Beste voortrekkervriende,

1. Gebiedsleier
(Sirkel – Skakel)

Die lente is hier en die somer wink in helder sonstrale.

Ons het gewoond begin raak aan die “nuwe normaal”. Gesigmaskers is deel van ons daaglikse uitrustings; vergaderings deur zoom en skype is deel van ons organisasie; doen en late.

Voortrekker aktiwiteite het verander in whatsapp boodskappe; oproepe en vele meer. Weeklikse aktiwiteite is vervang met e-aktiwiteite, soos die #SuperSnuiterSaterdae. Tenspyte van al ons inperkings, het baie aktiwiteite steeds plaasgevind.

Ons neem met dank kennis van al die uitreik aksies na persone in die gemeenskap en hulp aan voortrekkergesinne in hierdie uitdagende tye.

Dit is met baie groot opgewondenheid dat ons spog met vier (4) nuwe en unieke name vir ons oorde. Die Voortrekkers in die Ekurhuleni area en verder behou die naam Oosvaal. Die Voortrekkers van Johannesburg, Wesrand, gedeelte van Noordwes, Midrand en Centurion (en natuurlik die buurgebied van Oosvaal), sal bekend staan as Noordvaal. Die ooste van Pretoria tot en met Komati en Hoedspruit, sal bekend staan as Oosterlijn. Die Voortrekkers aan die noorde van Pretoria, Limpopo en Noordwes, tot by Rustenburg, sal bekend staan as Bergenbos. Baie dankie aan elkeen wat hard gedink, gebreinstorm, nagevors en insette gelewer het om met die unieke name vorendag te kom. Die oorde sal reeds begin om hierdie name te gebruik.

2. Administrasie
(Stadige verkeer)

2.1 Lederegistrasies

Ons is baie dankbaar met die nuus dat daar tans vyfduisend negehonderd agt-en-twintig (5928) geregistreerde voortrekkerlede in Transvaal waarvan vyfduisend seshonderd twee-en-sewentig (5672) betalende lede is. Slegs vierduisend vyf-en-sewentig (4075) van die betalende lede se gelde is egter al ontvang.

Die reglemente is gewysig en dit is belangrik dat op die volgende ag geslaan word:
Paragraaf 12 in hoofstuk 3 van die Reglement bepaal as volg:

12.6 Dat die administrasie- en registrasiegeld gedeelte van lederegistrasies twee (2) aparte prosesse is.

12.7 Dat die administrasie gedeelte van lederegistrasies teen die einde Februarie van die betrokke jaar afgehandel moet wees.

12.8 Dat die registrasiegelde teen die einde van die datum, soos bepaal deur Hoofbestuur, van die betrokke jaar afgehandel moet wees.

12.9 Na die afsnydatum word lede outomaties onaktief gemaak, indien die registrasiegelde nie betaal is nie.
12.10 Dat die registrasiegelde na ontvangs so gou as moontlik aan die Hoofkantoor oorbetaal moet word.
12.11 Dat lederegistrasies nie teruggehou mag word, omdat registrasiegelde nog nie betaal is nie.
12.12 Lidmaatskap van lede word nie beëindig wanneer 'n lid nie sy registrasiegelde kan betaal nie, maar sy/haar deelname en erkenning word opgeskort, totdat die volle registrasiegelde ontvang is.
12.13 Deregistrasies kan net deur kommando's gedoen word tot en met 31 Mei van elke jaar en daarna kan enige deregistrasie slegs gedoen word deur Hoofkantoor.

2.2 SAS2

2020 was in velle opsigte 'n uitdagende jaar, maar die tegniese span het die inperkingstyd gebruik om SAS2 gebruikersvriendelik te maak.

Daar is goeienuus … Al die kommando's in Transvaal gebied het toegangsregte.

Daar is vordering en alle kommando's sal verheug wees om te hoor dat die volgende aksies wat gedoen kan word, reeds nou beskikbaar is:

1. Alle kommandodata wysig (edit).
2. Registrasiegeld bywerk.
3. Spannaam byvoeg. (nuwe veld)
4. In die werksgroep vouer kan die Engelse bewoording op die boonste balk verander word na Afrikaans.
5. Neem asseblief kennis dat in die lededata vouer kan die taal nie op die boonstebalk verander word nie.

Dit is egter belangrik om op die volgende te let: Vir alle kommandowerk - **Gebruik die kommando-profiel om in te teken.** (Nie jou eie profiel)

Gebruik gerus die volgende skakel https://sas2.voortrekkers.co.za/workgroups/group/83/disk/path/ vir die SAS2 handleidings wat beskikbaar is.

Verder is die volgende in die pyplyn vir die nabye toekoms ...
Die plan is dat alle kommando administrasie take, asook noodsaaklike prosesse teen die einde van die jaar afgehandel sal wees. Alle prosesse, soveel as moontlik, sal dan geoutomatiseer wees.

Vanaf 2021 sal die volgende gebeur sodat 2021 se administrasie glad kan verloop.

1. Registrasie – ouers kry e-pos vanuit stelsel om herregistrasie te bevestig.
2. Sodra antwoord ontvang is van ouers – is registrasie vir 2021 afgehandel.
3. Nuwe registrasies – skakel sal aan belangstellendes gestuur word.
4. Die skakel sal beskikbaar gestel word op die webblad (gebied/kommando)
5. Na afsnydatum vir die betaling van registrasiegelde word lede wat nie betaal het nie – outomaties onaktief gemaak. (Reglement wysiging)
6. Geen data gaan verlore nie – alles bly op die stelsel, lidmaatskap wys net onaktief.
7. Wanneer registrasiegelde ontvang word, kan kommando weer lid aktief maak.
8. Alle Voortrekkerlede moet asseblief vanaf 1 Januarie 2021 die nuwe SAS2 lidmaatskapnommer gebruik.

Tydens die komende Voriesaamtrek in Januarie 2021 sal ‘n SAS2 werkswinkel aangebied word wat deur van die oordsekretarisse gefasiliteer sal word. Kom leer meer en sorg dat jy die nodige hulp verkry, omdat ons wil verseker dat jou kommando se inligting korrek is en dat alle werksgroepe reg kan funksioneer.

2.3 POPI-wetgewing

Die Wet op beskerming van persoonlike inligting, Wet 4 van 2013, algemeen bekend as die POPI-wet het amptelik op 1 Julie 2020 in werking getree. Dié wetgewing se doel is om persoonlike inligting van burgers, wat deur beide openbare en private instansies bekom en verwerk word, te beskerm en poog ook om die reg op privaatheid te balanseer teenoor ander regte soos die toegang tot inligting.

Die lidmaatskapbrosjure asook die elektroniese lidmaatskapvorms is gewysig.

Verwittig asseblief die gebiedsekretaris indien jou inligting verander het én rig enige verdere navrae in hierdie verband na admin@transvaal.voortrekkers.co.za.

3. Finansies en Terreine

(Terreine & Fondse)

3.1 Registrasiegeld (Ledegeld) 2020

Registrasiegeld (Ledegeld) vir 2020 se finale afsnydatum is **30 September 2020.** Finale naamlyste vir fakturering moet asseblief die Gebiedskantoor (kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za) bereik nie later as **22 September 2020.** Baie dankie aan al die Kommando’s wat op ‘n gereelde basis registrasiegeld (Ledegeld) oorbetaal het soos ontvang vanaf ouers.

Indien daar enige lede nog finansiële hulp benodig kan u my direk kontak om verdere reëlings te tref aangaande die betaling.

3.2 Finansiële verslae van kommando’s 2019

Alle Kommando’s wat nog nie 2019 Finansiële verslae ingedien het (soos omskryf in die Reglement) moet asseblief dringend hulle verslae deurstuur na die Gebiedskantoor teen **30 September 2020.** Kommandoleiers moet asseblief kennis neem dat die indiening van Finansiële verslae hulle verantwoordelikheid bly en dat hierdie proses nie geignoreer mag word nie.

3.3 Registrasiegeld (Ledegeld) 2021

Die registrasiegeld is goedgekeur gedurende Hoofbestuursvergadering in September 2020 en sal soos volg wees vir 2021:

Jeuglede	**R480.00**
Staatmakers	**R220.00**
Offisiere	**R480.00**
Heemraadslede	**R250.00**

3.4 Korting vir volwasse lede met meer as vyf (5) jaar aaneenlopende diens

Die korting vir volwasse lede met meer as vyf (5) jaar aaneenlopende diens van eenhonderd rand (R100.00) wat die afgelope paar jare toegestaan is, sal ongelukkig nie beskikbaar wees in 2021 nie.

4. Bemarking

(Groei)

4.1 Ledewerwing

2020 was 'n uiters moeilike en vreemde jaar, ook vir die Voortrekkers. Ten spyte van baie aanlyn aktiwiteite, aksies en "e-kampe" het ons baie lede verloor. Ons sal dus uiters hard en vernuftig moet bemark. Die Voortrekkers moet poog om deur die 90-jarige feesviering in 2021:

a) huidige lede te behou en pas-verlore lede weer te betrek.
b) oud-lede op nuut te betrek; en
c) nuwe areas en gemeenskappe te identifiseer en teiken met die doel om hulle as lede te werf.

4.2 Tema 2021

a) Die feestema vir 2021 is “**Die Voortrekkers gaan groot**” Alle kommando's, oorde, en gebiede moet dit asseblief dit koppel met hul eie projekte en inisiatiewe vir 2021.
b) Die feeste en aksies wat vir 2021 beplan moet word moet asseblief fokus op ons gemeenskappe en diensbaarheid.
c) 'n Fees logo en kenteken word binnekort vrygestel.

4.3 Formaat

a) ’n Bekende kunstenaar sal weer genader word om ’n feeslied te skryf en sal optree by verskeie gebiede/oorgangsgebiede se konserte.
b) Kaapland, Oos Kaap (Oorgangsoord), Vrystaat en Namibië sal elk so 'n konsert organiseer en aanbied.
c) Transvaal (as geheel saam met die vier Oorgangsoorde) sal die nasionale feesgeleentheid as 'n tipiese “Hier staan ons!” konsert by die Voortrekker-monument aanbied. Natal sal by ons inskakel. Daar word gehoop dat ten minste 4,000 Voortrekkers die fees by die monument sal bywoon.
d) Elke oorgangsgebied in Transvaal moet ten minste een groot gemeenskapsprojek of wêreldrekord poging organiseer en aanbied wat "hoof-nuuswaardig" is in die media. Dit is uiters belangrik dat ons aksies wye en groot dekking sal verseker maar ook dat ons die gemeenskappe heelhartig sal dien en vir gemeenskapsleiers asook eie lede weereens dankie sal sê.
e) Die gemeenskapsprojekte of wêreldrekord pogings moet asseblief aangebied word tussen Maart en begin einde Augustus 2021. Die hoof fees by die Voortrekkermonument sal September 2021 plaasvind.
f) Kommando’s moet ook asseblief gedurende hierdie periode fokus op sodanige projekte binne hulle plaaslike gemeenskappe.
g) By die bogenoemde kommando/Oorgangsoord aksies kan weer erkenning gegee word aan Voortrekkervriende uit die gemeenskap, inlywings, ens.
h) Oorgangsoordbesture of feeskomitee lede moet asseblief teen 30 Oktober 2020 ‘n aanduiding van hul diensprojekte en/of wêreldrekord pogings deurgee aan die AGL Bemarking, Riaan du Preez, vir deurgee aan NK-Bemarking. ‘n Aanduiding van die projek en datum is nodig ter wille van belyning en om die media blootstelling effektief te beplan.

4.4 Plaaslike bemarking

a) As kommando's weer wil lede en offisiere werf en wil groei is dit uiters noodsaaklik dat plaaslike bemarking goed gerat sal moet wees. Daar is nog redelik baie "ou formaat" ouer-inligtingstukke by die kantoor beskikbaar vir julle 2021 skoolaanbiedings. Kontak gerus vir Izelle daarvoor. Verskeie elektroniese formaat brosjures is ook beskikbaar op die Voortrekkers se webwerf!

b) Sorg asseblief dat kommandos se Faceboek "pages" oop is vir bemarking aan die gemeenskap en publiek, anders bemark ons slegs intern aan mekaar! Die inskrywingsvorms bevat 'n duidelike vrywaring vir ouers om aan te dui of kinders se fotos gebruik mag word in sosiale media. Interne kommunikasie en foto-argiewe van kommandos kan op ander platforms gedoen word en nie op Faceboek nie.

c) Gebruik die 2021 aksies en gemeenskapsdiens projekte om daadwerklik in plaaslike gemeenskappe te bemark!

d) Gebruik ook asseblief "praktiese" uitdagings en aksies soos **#SuperSnuiterSaterdag** om ekstern bemark aan nie-lede. Verskeie kommandos het nuwe lede met hierdie eenvoudige maar prettige aksies gewerf - sommiges tot soveel as 25 nuwe lede!

5. Gebiedskampe; GGA en GGN Aktiwiteite

Alhoewel Suid-Afrika vanaf 21 September 2020 op vlak 1 sal wees, is die skoolvakansies tans problematies vir enige gebiedskamp(e) of GGA/GGN dae.

Thaba Verkennerkamp gaan wel die Nyegere oorlewingskursus aanbied vir ongeveer tien (10) volwassenes in Desembermaand.

Spanbyeenkomste en spankampe kan wel geniet word. Gebruik asseblief julle gesigmaskers en handreiniger.

Die wetgewing met betrekking tot massa byeenkomste is nie die enigste aspek wat in gedagte gehou moet word nie. Die Voortrekkers het 'n verantwoordelikheid teenoor ons land, volk en medemens om die verspreiding van die virus te stop en infeksies te verminder.

Ons eerste prioriteit is die veiligheid van Voortrekkers op ons kampe en tydens ons aktiwiteite.

Transvaal Voortrekkers se taakspan vergader eerskomende Maandagaand, 21 September 2020, teneinde die nuwe regulasies te bespreek en sal dan verdere leiding te verskaf.

6. Penkop en drawwertjie sake

(Leer speel-speel)

6.1 GGA/GGN

Nuwe aansoeke is ontvang vir 2021. Die taakgroep sal dit verwerk en terugvoer gee aan die Kommando of Oord wat aansoek gedoen het.

6.2 Voorslag

Verwys na kennisgewings wat versprei was, gaan die Voorslag 2020 in die vorm van ‘n eksamen afgelê word. Die grootste deel van die eksamen sal uit keusevrae bestaan en die kaart- en touwerk sal prakties getoets word.

Datum van eksamen: 31 Oktober 2020

Die inskrywings sluit 23 September 2020 en nadat die inskrywings verwerk is sal die reëlings deurgegee word waar die jeuglid op die dag moet aanmeld en ook wat hulle moet saambring.

Alle Graad 7 offisiere word aangemoedig om alle jeuglede in te skryf wat kwalifiseer. Die komitee sal kyk na kampe wat benodig word, maak asb seker dat alle spesialisasies afgehandel is voor die sluitingsdatum.

6.3 Offisiere Handleidings

Die Nasionale komitee het die Graad 5 tot Graad 7 offisiere handleidings gefinaliseer en dit sal eersdaags beskikbaar wees.
Daar word ook beplan om ‘n werkswinkel aan te bied waar die werking van die boeke prakties verduidelik gaan word. Die datum sal eersdaags bevestig word.

6.4 Span aktiwiteite

Ons besef dat hierdie jaar sy eie uitdagings gehad het, en wil alle offisiere bedank vir hulle positiewe houding om met spanne te vergader op watter wyse ookal.

Ons hoop dat die laaste deel van die jaar wat voorlê meer geleentheid saam met die spanne sal wees en dat hulle ook uitsien daarna om weer Die Voortrekkers te kan beleef.

6.5 Spesialisasies

Daar is ‘n taakgroep onder leiding van Bertus Fourie gestig om die bestaande spesialisasies op te dateer. As enige persoon enige voorstelle of aanbevelings het laat weet ons by kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za. Die kantoor sal sorg dat die taakgroep al die inligting ontvang.

6.6 Penkop en Drawwertjie inligting

Enige navrae rakende PD-sake moet asb gerig word aan kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za die kantoor sal die navrae na die korrekte persone kanaliseer.

7. Verkennersake

(Produk in wording)

Die grootste les wat 2020 my geleer het, is om my omstandighede met volwassenheid te aanvaar, te glo dat dit beter sal word, en steeds koers te hou. Soos Maya Angelou gesê het: “As jy nie van iets hou nie, verander dit. As jy dit nie kan verander nie, verander jou houding”.
Vanjaar moes almal met maskers en bottels vol handreiniger saamleef, en baie dinge waarna ons uitgesien het, opgee. Dit maak nie saak hoe hard jy skree of daarteen baklei nie - jy moes vrede maak daarmee en aanbeweeg.

Dit was baie aangenaam om te sien hoe ons Verkenners steeds op kreatiewe maniere voortgegaan het as Voortrekkers in hierdie tyd. Baie dankie vir elke Offisier se aanpas en innovering om steeds deur hierdie unieke tyd rigting vir ons Verkenners te bied.

7.1 Presidentsverkennerproses 2020

Ten spyte van die uitdagings het Transvaal vanjaar 109 Verkenners wat die Presidentsverkennertoekenning ontvang. Baie geluk aan elkeen wat aangehou het en met trots die goue fakkel kan dra.

Baie dankie vir elke kommando en spanoffisier wat ingespring het en bygedra het tot hierdie Verkenners se sukses.

7.2 Transvaal Gala-funksie 2020

Weens die omstandighede sal daar nie ‘n Transvaal Gala-funksie vanjaar plaasvind nie. Die gebied Transvaal sou baie graag saam met ons Presidentsverkenners hulle prestasie wou vier, maar dit is ook iets wat ons vanjaar moet prysgee.

Die Presidentsverkenner-sertifikate sal teen die eerste week van Oktober 2020 in die Transvaal gebiedskantoor beskikbaar wees. Reëlings kan met die kantoorbestuurder (Izelle Ryan) gemaak word om die sertifikate af te haal. Oorde en kommando’s kan dus in lyn met die toepaslike wetgewing plaaslike oorhandigingsgeleenthede vir hulle Presidentsverkenners reël.

7.3 Presidentsverkennerproses 2021

Die prospektus vir kandidate wat deelneem aan die 2021 Presidentsverkennerproses is reeds beskikbaar op Die Voortrekkers se amptelike hoofblad (voortrekkers.co.za). Let daarop dat die prospektus reeds aangepas is om alle kandidate ‘n regverdige kans te gee om steeds aan die proses deel te neem. Onder meer is ‘n verligting in die aantal gebiedskampe wat bygewoon moet word, sowel as die aantal spesialisasies wat verwerf moet word reeds bygewerk.

Kandidate wat volledig ingeskryf en betaal het teen die April 2021 kampe se sluitingsdatum, sal ook krediet ten opsigte van die prospektus se inskrywingsvereistes vir gebiedskampe ontvang. Let daarop dat slegs krediet vir die gebiedskamp bywoning gegee word, en nie krediet vir die spesialisasie wat verwerf sou word nie.

Verder word die sluitingsdatum vir aansoeke uitgestel tot **31 Desember 2020**. Neem wel in ag dat die Transvaal Gebiedskantoor gesluit sal wees tydens die Kersfeestydperk en kandidate word aanbeveel om vroegtydig hulle aansoeke in te dien. Reëlings kan getref word om die inskrywings elektronies by die kantoor in te dien, maar moet asseblief nie wag vir Oujaarsdag om dit af te handel nie!

8. Staatmakers

(Apart maar Saam)

Ons wil begin deur al die Matrikulante van 2020 geluk te wens met hulle slaag van die PV proses en suksesvolle voltooiing van die PV Webinaar. Ten spyte van al die uitdagings hoop ons dat julle dit vreeslik geniet het en reg is om volgende jaar by die Staatmakers aan te sluit.

Ons wil asseblief alle Matrieks en Staatmakers aanmoedig om die volgende Whastapp skakel te volg om by ons Transvaal Statie groep aan te sluit. Daar kan julle meer inligting kry oor wat alles in Transvaal se Staatmakers gebeur. https://chat.whatsapp.com/DdqYzJSQz4v5Xv58NDkmPB

Ons as Transvaal se Staatmakers gaan steeds volstoom voort en beplan nog ‘n hele paar aktiwiteite voor die jaar einde toe staan. Die aktiwiteite sluit in ‘n amazing race soos die engels sprekende mense dit sal noem en ‘n vuurwarm afsluiting vir die jaar. Vir meer inligting rondom die aktiwiteite kan julle gerus ons Instagram en Facebook blaaie dop hou! Ons is op Instagram as Transvaal Staatmakers en op Facebook as Die Voortrekkers: Transvaal Staatmakers. Gaan volg ons gerus.

Ons was dan ook deel van ‘n groot gesprek oor die Staatmakers se toekoms in die Voortrekker beweging die afgelope Hoofbestuurs vergadering. Ons sal elkeen aanraai om die Staatmakers dop te hou want hier is groot dinge aan die kom.

9. Volwasse sake
(Oplei en toerus)

9.1 Voorslag offisiere opleidingsessie: Voorslag voorbereiding 2020
Soos almal reeds weet gaan 2020 se Voorslagevaluasie baie anders lyk as gewoonlik (wat te wagte is vir ‘n vreemde jaar!). Kom luister na AGL PD Sake (Anine Wheeler) wat vir Voorslag offisiere meer gaan vertel oor wat hulle te wagte kan wees. Skakel gerus in op Dinsdag 22 September 2020 van 18:00-19:00 by Google Meet. Julle sal ook geleentheid kry om vrae te vra. Hiermee die besonderhede:

Om in te skakel by die vergadering die vergadering, gebruik die volgende skakel: https://meet.google.com/pzb-eiav-wtz

Alternatiewelik skakel in by vergadering deur die volgende telefoonnommer te gebruik: +27 10 823 1075 met kode: 851 212 506#

9.2 Voriesaamtrek 2021
Merk solank 22-24 Januarie 2021 in julle kalenders – dit is die naweek wanneer ons weer lekker saam gaan kuier op Hartbeesfontein vir ons jaarlikse Voriesaamtrek. Meer inligting sal binnekort volg.

9.3 Wie is verantwoordelik vir volwasse sake in jou oord?
In elke Oord is daar ‘n persoon wat die Oord verteenwoordig op Gebiedskomitee Volwasse Sake (GK VS). Elke gebied het weer verteenwoordiging op Nasionale Komitee Volwasse Sake (NK VS). Sodoende word verseker dat volwasse sake insae het in besluite op Hoofbestuur. Geluk, dankie (en baie sterkte) aan die volgende persone wat die oorgangsoorde verteenwoordig op Tvl GK VS:

- Oord Bergenbos – Erika van Heerden
- Oord Noordvaal – David Scribante
- Oord Oosterlijn – Carin Coetzer
- Oord Oosvaal – Tarina van der Merwe

9.4 Hoe om ‘n hoe om te soek om die beste hoe om te hê sodat jy weet hoe om ...
Indien jy weet van die Hoe Om hulpmiddels wat beskikbaar is dan is jy beslis een stappie voor die offisiere wat nog nie weet daarvan nie.

Ek het self ook eers onlangs uitgevind van die baie bruikbare soekfunksie om die Hoe Om te kry. Klim op die wa en gaan loer bietjie wat is beskikbaar! Die HOE OM-reeks is saamgestel uit idees van offisiere wat oor jare versamel is, spesifiek om spanoffisiere te ondersteun. Dit bevat onder meer idees om spanbyeenkomste kreatief aan te bied.
Gaan kyk na https://voortrekkers.co.za/hoe-om-reeks/
(As jy reeds gaan kyk het, gaan besoek die skakel gerus weer – dit word deurgaans bygewerk!)

9.5 Het jy geweet die voortrekkers het 'n biblioteek?

Gaan besoek gerus die biblioteek by https://voortrekkers.co.za/biblioteek/ en kyk bietjie rond (en anders as 'n gewone biblioteek gaan niemand jou stilmaak nie). Stuur ook asseblief enige voorstelle om die biblioteek te verbeter aan jou Volwasse Sake verteenwoordiger.

9.6 Wat is nuus?

Dinge verander so vinnig, en ons lede is so kreatief dat ons nie aldag kan kophou nie. Bly op hoogte deur gereeld die volgende skakel te volg https://voortrekkers.co.za/nuus/

9.7 Dankie

Ons sê te min dankie. Ek wil graag vir elke volwassene dankie sê vir die onbaatsugtige werk wat julle deurgaans verrig met ons volk se jeug. Ek wil nie groot woorde of rym gebruik nie – ek wil net sê Baie Baie DANKIE. Ek wil ook 'n beroep op elkeen doen (individue, besture, komitees, spanne ens) om meer gereeld maniere te kry om dankie te sê vir ander. Soms 'n klop op die skouer en ander kere 'n sjokolade of briefie...hoe dit ookal sy - kom ons kweek nog een goeie gewoonte in die covid jaar – en raak 'n organisasie wat maklik DANKIE sê.

Groete (en baie dankie)

Ons sluit af met die gedagte: "Die lewe is soos 'n spieël; wanneer 'n mens daarin glimlag, dan glimlag dit vir jou terug." Mag jy tenspyte van jou COVID-19 ervarings (en teleurstellings) steeds glimlag, want dan glimlag die wêreld saam met jou.

Voortrekkergroete,

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 - gebiedsleier@transvaal.voortrekkers.co.za)
Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 - admin@transvaal.voortrekkers.co.za / elsies1@afrihost.co.za)
Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 - anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)
Riaan du Preez – AGL Bemarking (076 412 8811 - riaandupreez360@gmail.com)
Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 – anine1711@gmail.com)
Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 - jaco.vn.dr.walt@gmail.com)
Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 - Dirk@helpendehand.co.za)
MJ Gouws – GSD (082 253 5977 - gouwsmj25@gmail.com)

Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie.
Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind (Jer. 6:16)

Jou lewensmotor

As jy vandag terugkyk op jou lewenspad … hoeveel keer het jou lewensroete al verander as gevolg van teleurstelling, hartseer, kommer, vreugde of geluk? Is jou lewenspad ook met tye so vol slaggate en verdwaal jy ook net soos ek?
Baie van ons voel asof ons verdwaal het in spitsverkeer. Ons sukkel om weer by God se snelweg na ons eindbestemming uit te kom. Dalk staan jy met ‘n pap wiel langs die snelweg, te selfbewus of skaam om iemand in die verkeer voor te keer vir hulp. Miskien kon jy nie die opeenhoping en gewag verduur nie en wou jy ‘n korter en makliker roete volg, en nou is jou duur lewensmotor emosioneel en geestelik afgetakel.

Gee vir God die stuurwiel!

As Hy jou lewensmotor bestuur, kan jy medereisigers se pap wiele omruil, elke afrit goed bestudeer en vrymoedigheid neem om te ontspan, want God beheer tyd en ewigheid en jy sal nooit laat by die regte bestemming aankom nie! Ék moes oorgee om ‘n kwaliteitslewensreis te hê.
Waag dit gerus.
Jy kan!

Chrisna Malherbe (vanuit My lewe in ink)